WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die bewilliging van geld uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie Vrystaat in die 2018/19 boekjaar en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee gepaard gaan.

AANHEF

AANGESIEN artikel 226(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, voorsiening daarvoor maak dat geld onttrek kan word uit die Provinsiale Inkomstefonds ingevolge ‘n bewilliging deur ‘n Wet van die Provinsiale Wetgewer;

EN AANGESIEN artikel 26 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999) voorsiening daarvoor maak dat die Provinsiale Wetgewer geld moet bewillig vir elke boekjaar vir die behoeftes van die Provinsie;

WORD DAAR BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan ‘n betekenis in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg in daardie Wet, en beteken -

“Wet” sluit die Skedules in;

“**voorwaardelike toelae**” toekennings aan provinsies, plaaslike regering of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van inkomste wat nasionaal ingesamel is, soos bepaal in artikel 214(1)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**lopende betalings**” enige betalings wat deur ‘n provinsiale departement gemaak word wat geklassifiseer moet word as of geag word om ‘n lopende betaling te wees ten opsigte van die instruksies uitgereik in die “*Guidelines for Implementing the Economic Reporting Format”* (September 2009) kragtens artikel 76 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

“**toegewysde fondse**” toekennings aan provinsiale departemente vir ‘n spesifieke doel, onderhewig aan artikel 7A van die Vrystaatse Wet op Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 1 van 2003);

"**betalings van kapitaalbates**" enige betalings wat deur 'n provinsiale departement gemaak word wat geklassifiseer moet word as of geag word om 'n betaling te wees ten opsigte van kapitaalbates in ooreenstemming met die "*Guidelines for Implementing the Economic Reporting Format"* (September 2009) en die "*Asset Management Framework*" (April 2004, Weergawe 3.3), kragtens artikel 76 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

"**betalings van finansiële bates"** enige betalings gemaak deur 'n provinsiale departement wat geklassifiseer word as of geag word om 'n betaling vir finansiële bates te wees ingevolge die instruksies uitgereik in die "*Guidelines for Implementing the Economic Reporting Format"* (September 2009), kragtens artikel 76 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

"**Wet op Openbare Finansiële Bestuur**" die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999); en

"**oordragbetalings en subsidies**" enige betalings gemaak deur 'n provinsiale departement wat geklassifiseer word as of geag word om 'n oordragbetaling of subsidie te wees ingevolge die instruksies uitgereik in die "*Guidelines for Implementing the Economic Reporting Format"* (September 2009), kragtens artikel 76 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

Bewilliging van geld vir die benodighede van die Provinsie

2. (1) Behoudens die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur word daar hierby uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie ten opsigte van die boekjaar 2018/19, die bedrae geld soos beoog in subartikel (2) bewillig.

(2) Bewilliging deur die Provinsiale Wetgewer van geld uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie in die 2018/19 boekjaar, na begrotingsposte en hoofindelings binne 'n begrotingspos, en vir die bepaalde gelyste doeleindes, word in die Skedules uiteengesit.

Korttitel

3. Hierdie Wet heet die Begrotingswet, 2018.